Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 05/03 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Beheerliggaamverkiesing:**
   Datum: Vrydag, 12 Maart 2021
   Tyd: 07:00 – 15:00
   Plek: George McLachlan-saal

   Nominasievorms kan by me. D. Strydom afgehaal word. Alle nominasievorms asook profiel van genomineerdes moet voor of op Dinsdag, 9 Maart, om 08:00 by me. Strydom ingehandig word. **Geen nominasies word daarna aanvaar nie en geen nominasies vind plaas op die dag van die verkiesing nie.**

   Die kiesersrol is by die skool ter insae. Dit is die verantwoordelikheid van die ouers/voogde om seker te maak dat hul name op die skool se kiersersrol verskyn.

2. **Roetebus:**
   Ek doen 'n dringende beroep op ouers, dat indien u kind die dag nie van die busroete gebruik maak nie, u asseblief vir die busbestuurder, mnr. Bradley Kiewiets by 071 510 6796 sal kontak. Mnr. Kiewiets werk streng volgens die buslys en dan wag hy onnodig vir kinders om op te daag. Dankie vir u samewerking.

3. **OOV-Fondsinsameling**
   Heerlike roosterkoeke te koop op Vrydag 12 Maart 2021. Ons werk slegs op bestelling. Vul asb die afskeurstrokie met u bestelling in en gee dit teen Woensdag, 10 Maart 2021, saam met u betaling by u kind se registeronderwyser(es) in.

   Baie dankie vir u ondersteuning met hierdie weeklikse OOV-fondsinsameling.

4. **Finansies:**
   Ons herinner ouers daaraan dat die kopieerkoste van R500 per jaar per kind teen **15 Maart** betaalbaar is. Indien dit nie vereffen word nie, sal u kind ongelukkig nie verder fotostate kan ontvang nie.

   Busgeld is vooruit betaalbaar en ons rig 'n vriendelike versoek dat die busgeld wat nog uitstaande is, nou vereffen word.

   Die skoolfondsrekenings vir Februarie sal Vrydag, 5 Maart, aan leerders van groep A uitgedeel word. Groep B sal hulle s'n Maandag, 8 Maart, ontvang. Die skoolfondsrekenings is laat as gevolg van baie aansoekvorms vir verminderde skoolfonds wat nog nie ingehandig is nie. **Die laaste datum van inhandiging is Maandag, 8 Maart –** geen laat aansoeke sal in oorweging geneem word nie.

herotel IGEN

Ons doen weereens ‘n vriendelike dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat ‘n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

Die volgende elektroniese betalings is ontvang en as gevolg van gebrekkige verwysings, weet ons nie wie die betaling gedoen het nie. Sal die betrokke persone asseblief vir mev. Mattheus in hierdie verband kontak.

01.02.2021: Aftrekorder ABSA Bank
Verwysing: Alex School fee – R2 610,00
26.02.2021: Internetbetaling
Verwysing: Skoolgeld – R1 075,00

5. **Covid:**
Praktiese reëlings 2021 :

Prosedure voor skool:
Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:50 – 12:40
3, 7, 8, 10, 11	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40
4, 5, 6, 9, 12	Skuifhek (Pfaffstraat)	Skuifhek (Pfaffstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:50 – 14:15 Vrydag: 07:50 – 12:40

S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit